# Paarl Hospitaal Neonatologie

Mei 2021

Sedert November 2020 beleef ons eenheid ongekende hoë getalle pasiënte. Of dit nou die gevolg van lockdown was, en of ander faktore ’n rol speel, weet ons nie, maar die personeel is maar redelik uitgebrand en die voorrade min. Boonop is meeste van die verpleeg personeel se verlof sedert die uitbreek van Covid gekanselleer. Wanneer daar egter ’n skenking by die saal inkom, (enigiets van koek tot babaklere of blomme of ’n mooi kaartjie), is dit absoluut soos ’n vars briesie wat almal se gemoedere lig!

Ons is oneindig dankbaar vir NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen se volgehoue skenkings in die vorm van toiletware en die naaldwerkgroep se ongelooflike handewerk. Meer as ooit kom ons agter onder watter haglike omstandighede party mense ’n kindjie moet grootmaak.

Met die gemeente se ondersteuning kan ons darem probeer om elke mamma se menswaardigheid te beskerm en ’n tikkie hoop te gee in die vorm van ’n sagte kombersie of klere.

Met dankbaarheid en vriendelike groete

Mary Conradie